# BOEKRESENSIES EN BEKENDSTELLINGS
# BOOK REVIEWS AND ANNOUNCEMENTS

## MACDONALD, SHARON: INSIDE EUROPEAN IDENTITIES. Berg Publishers, Providence, 1993.

Die groot belangstelling wat tans in Europese kringe in etnisiteit en identiteit as ook 'n Europese verskynsel bestaan, word in hierdie werk deur 'n groep sosiale antropoloë weerspieël. Trouens, die publikasie vorm deel van die **Berg Series** oor **Ethnic Identities**. Ander komende titels in dié reeks sluit in **Contemporary Christian Identities, Dress and Ethnicity** en **Music and Identity.**

Die boek weerspieël nie net die herlewing van identiteitsbewussyne in Europa nie, maar ook die wyse waarop sosiale antropoloë die metodologie van deelnemende waarneming, wat gewoonlik op die stamme in Derde Wêreldlande toegepas word, op geletterde en ou gevestigde Europese gemeenskappe toepas. Daarom is 'n hele aantal van dié bydraes gebaseer op die persoonlike waarneming van spesifieke gemeenskappe: Toskane, Baskeland, Noord-Katolonië, Korsika, Glengow in Noord-Ierland en Copeland in Cumbria. Vir die historikus is die interessantste studies stellig dié oor hoe die Kommunistiese Party in Italië 'n eie identiteitsbewussyn as 'n rewolusionêre strategie ontwikkel het en die problematiek van Walliese identiteit.

Vir die onderrig van Geskiedenis is die mikrostudies van hoe identiteitskwessies hulle in die eenvoudige daaglikse lewe van kleinboere en relatief arm werkers tot uitdrukking bring, nuttig. Die beskrywing van die mees interpersoonlike vlak van verhoudinge tussen Katolieke en Protestante in Glengow, veral gedurende die sg. *Marching Season* van Julie-Augustus, open 'n perspektief op die mikro-historiese vlak wat leerlinge en studente kan help om die wesenlike aard en die groot invloed van identiteitskwessies te begryp. Die uiteensettings oor Toskane, Baskeland, Copeland en Noord-Katalonië is minder geslaag. Die bespreking van Wallis bied besondere moontlikhede om vergelykings met die Afrikaanse mense van Suid-Afrika te tref.